# Inhoudsopgawe


Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik ... 1
1.1 Voornemende voorgraadse studente ... 1
1.2 Voornemende nagraadse studente ... 1
1.3 Geregistreerde voorgraadse studente ... 2
1.4 Geregistreerde nagraadse studente ... 3
Algemene Inligting ... 4
1. Ontstaan, struktuur en missie van die Fakulteit AgriWetenskappe ... 4
1.1 Ontstaan ... 4
1.2 Funksies ... 4
1.3 Struktuur ... 4
1.4 Visie en Missie ... 5
2. Onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie ... 5
2.1 Onderrig ... 6
2.2 Navorsing ... 6
2.3 Gemeenskapsinteraksie ... 6
3. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer ... 7
3.1 Die Fakulteit AgriWetenskappe se kontakbesonderhede ... 7
3.2 Fisiese adres en kontakbesonderhede ... 7
3.3 Departemente se kontakbesonderhede ... 8
3.4 Die AgriWetenskappe Studente-Assosiasie (ASA) se kontakbesonderhede ... 9
4. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer ... 9
4.1 Gebruik jou studentenommer ... 9
4.2 Die Universiteit se kontakbesonderhede ... 9
5. Taal aan die Universiteit ... 10
6. Kwalifikasies aangebied in die Fakulteit AgriWetenskappe ... 10
6.1 Plant- en Grondwetenskappe ... 10
6.2 Voedselproduksiestelsels ... 11
6.3 Wingerd- en Wynwetenskappe ... 11
6.4 Diereproduksiestelsels ... 12
6.5 Landbou-ekonomie en -bestuur ... 12
6.6 Bosbou- en Houtwetenskappe ... 12
6.7 Bewaringsekologie ... 13
6.8 Generiese PhD-program ... 13
6.9 Landbouproduksie en -bestuur ... 13

3.10 Departement Voedselwetenskappe .... 105
3.10.1 MSc in Voedselwetenskap .... 105
3.10.2 MSc in Voedsel- en Voedingsekerheid .... 106
3.10.3 PhD in Voedselwetenskap .... 108
3.10.4 DSc in Voedselwetenskap .... 108
3.11 Departement Wingerd- en Wynkunde .... 109
3.11.1 Programme in Wynkunde .... 109
3.11.1.1 MSc in Wynkunde .... 109
3.11.1.2 PhD in Wynkunde .... 110
3.11.1.3 DSc in Wynkunde .... 110
3.11.2 Programme in Wingerdkunde .... 111
3.11.2.1 MScAgric in Wingerdkunde .... 111
3.11.2.2 PhD in Wingerdkunde .... 112
3.11.2.3 DSc in Wingerdkunde .... 112
3.11.3 Programme in Wynbiotegnologie .... 113
3.11.3.1 HonsBSc in Wynbiotegnologie .... 113
3.11.3.2 MScAgric of MSc in Wynbiotegnologie .... 115
3.11.3.3 PhD in Wynbiotegnologie .... 116
3.11.3.4 DSc in Wynbiotegnologie .... 116
**Vakke, Modules en Module-inhoude .... 118**
**1. Definisies en verduideliking van belangrike terme en taalspesifikasies .... 118**
**2. Slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules .... 119**
**3. Vakke, modules en module-inhoude .... 120**
**Navorsings- en Diensinstansies .... 217**
**1. Instituut vir Wynbiotegnologie (IWBT) .... 217**
**2. Instituut vir Plantbiotegnologie (IPB) .... 218**
**3. Proefplase .... 218**
3.1 Welgevallen .... 219
3.2 Mariendahl .... 219
**Alfabetiese Vaklys .... 221**

pakhuisuitleg en vloei-optimering, voorraadbeheer, internasionale logistiek (wêreldwye handelsvereiste), tru-logistiek en die impak daarvan, afvalbestuur, maritieme logistiek, kliëntediens, verhoudingsbestuur.

*Slaagvoorvereiste modules:*

- *Logistieke Bestuur 214, 244*
- *Statistiese Metodes 176 of*
- *Statistiek 186 of*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)*

*Voorvereiste modules: Ekonomie 114, 144*
*Tuisdepartement: Logistiek*

## 324 (12) Logistieke Bestuur (2L)

Integrerende uitnemendheid: Interne/funksionele integrasie sowel as eksterne integrasie met voorsieningskettingvennote word ’n besigheidsvereiste. Besigheidsprosesintegrasie is ’n kritieke vereiste. Onderwerpe wat gedek word: logistiek beplanning en beheer, voorraadbeplanning en bestuur, koördinering van voorsieningskettings, monitering en beheer van logistieke prestasie, meting en standaarde, doeltreffende en doelmatige asook finansiële prestasie-aanwysers, kliëntevereistes teenoor bereikbare logistieke prestasie, hersiening van logistieke oogmerke en doelstellings, risikobestuur, volhoubare logistiek, logistiek en die omgewing, geslotelus-voorsieningskettings.

*Slaagvoorvereiste modules:*

- *Logistieke Bestuur 214, 244*
- *Statistiese Metodes 176 of*
- *Statistiek 186 of*
- *Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)*

*Voorvereiste modules: Ekonomie 114, 144*
*Tuisdepartement: Logistiek*

## 344 (12) Logistieke Bestuur (2L, 1P)

Logistieke ontleding: Vir beide funksionele en integrerende uitnemendheid kan ’n verskeidenheid analitiese tegnieke en ondersteuningstegnologieë aangewend word om besluite oor die kort-, medium- en langer termyn te ondersteun. Analitiese tegnieke (beskrywend en normatief) en die aanwending van tegnologie (transaksioneel teenoor analities) vorm ’n integrale deel van die ondersteuning wat besluitnemers vereis.

*Slaagvoorvereiste module: Logistieke Bestuur 314, 324 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)*
*Tuisdepartement: Logistiek*

personeelbehoeftes; materiaalhantering; uitlegbeplanningsmodelle en -algoritmes; bedryfsaspekte van ʼn pakhuis; bedryfsaspekte van ʼn distribusiesentrum; vervaardigingsprosesontwerp; voorsieningskettingsbestuur; klassieke voorraadbeheer; materiaalbehoeftebeplanning (MRP); beperkingsbestuur (TOC).

*Metode van Assessering: Buigsame Assessering*

*Tuisdepartement: Bedryfsingenieurswese*
*Newevereiste module: Ingenieurstatistiek 314*
*Voorvereiste module: Produksiebestuur 212*

## 13336 Produksiefisiologie en Tegnologie vir Eenjarige Akkerbougewasse

### 742 (18) Produksiefisiologie en -tegnologie vir eenjarige akkerbougewasse (3L, 3P)

Fisiologiese prosesse betrokke by opbrengsverhoging van koelweergewasse; gewasrotasies, grondbewerking en biologiese bestuur vir volhoubare produksie; kwaliteitsverbetering en benutting van gewasse.

*Metode van assessering: Buigsame assessering.*

*Tuisdepartement: Agronomie*

## 59447 Professionele Kommunikasie

### 113 (8) Professionele Kommunikasie (2L, 2T)

Effektiewe kommunikasie met verskillende teikengehore met spesifieke doelwitte in gedagte; besondere fokus op die beplanning en skryf van ʼn tegniese verslag; ander dokumenttipes in ʼn professionele omgewing soos voorleggings en korrespondensie; teksvaardighede, o.a. samehang, gepaste styl en teksstruktuur; gepaste verwysingsmetodes; inleiding tot mondelinge voordragte; geskrewe kommunikasie in spanverband.

Inleiding tot die ingenieursprofessie

*Metode van assessering: Projek.*

*Tuisdepartement: Ingenieurswese (Admin)*

## 30317 Rekenaarprogrammering

### 143 (12) Rekenaarprogrammering (3L, 2P)

Inleiding tot rekenaarstelsels. Bekendstelling aan ʼn programmeringsomgewing; uitdrukkings; voorwaardelike stellings; herhaalstrukture; datatipes; statiese en dinamiese datastrukture; lêerhantering; abstrakte datatipes; objekte; gestruktureerde programontwerp. Klem word op modulêre programmering vir ingenieurstoepassings gelê.

*Metode van assessering: Buigsame assessering.*

maatstawwe van lokaliteit en spreiding (gemiddelde, mediaan, modus, variansie, standaardafwyking, persentiele); Benaderde maatstawwe vir gegroepeerde data; Houer-en-puntdiagramme; Maatstaf van verwantskap (korrelasiekoëffisiënt).

Waarskynlikheidsleer:

Basiese waarskynlikheidskonsepte (steekproefruimtes, gebeurtenisse, optel- en vermenigvuldigingsreëls, voorwaardelike waarskynlikhede, waarskynlikheidsbome, gebeurlikheidstabelle); Bayes se stelling; Telreëls.

Diskrete stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings:

Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van ’n diskrete stogastiese veranderlike; Kovariansie tussen diskrete stogastiese veranderlikes; Verwagte waarde en variansie van ’n portefeulje; Die binomiaal- en Poisson-verdelings.

Kontinue stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings:

Die normaal- en eksponensiaalverdelings.

Steekproefverdelings:

Die sentrale limietstelling; Steekproefverdelings van die gemiddelde en ’n proporsie

Inferensiële statistiek:

Intervalberaming en hipotesetoetsing van die gemiddelde en ’n proporsie; Intervalberaming en hipotesetoetsing van die verskil tussen twee gemiddeldes; Steekproefgrootte-berekening gebaseer op intervalberaming.

Variansieanalise:

Eenrigting- en tweerigtingontwerpe.

Regressieanalise:

Die eenvoudige lineêre regressiemodel; Inferensie omtrent die modelparameters en die korrelasiekoëffisiënt; Meervoudige lineêre regressie.

Tydreeksanalise:

Die komponente van ’n tydreeks; Gladstryking; Kleinstekwadratetendenspassing en –vooruitskatting.

*Opmerkings*

1. Toepassing van statistiese tegnieke met behulp van Microsoft® Excel word deurgaans beklemtoon.
2. Studente wat Statistiese Metodes 176(18) geslaag het, kan Statistiek 214(16) daarna volg, mits ’n prestasiepunt van minstens 60% verwerf is.

*Verskille tussen Statistiek 186 en Statistiese Metodes 176:*

In Statistiek 186 en Statistiese Metodes 176 word soortgelyke statistiese tegnieke behandel. In Statistiek 186 word basiese wiskundige tegnieke hersien en uitgebrei wat nie deel van die sillabus vir Statistiese Metodes 176 vorm nie. Die module Statistiek 186 is ’n geëksamineerde module met drie toetse wat deur die jaar geskryf word en ’n finale eksamen wat aan die einde van die jaar afgelê moet word. Die fokus in die module Statistiese Metodes 176 is meer prakties met

Vegetatiewe voortplanting: insameling, opberging en vermeerdering van materiaal, entingsmetodes, kwekery-uitleg en -fasiliteite, fisiologie en anatomie van entlasheling, oorwerkmetodes. Onderstokkultivars. Plantspasiëring (benutting van bo- en ondergrondse omgewing). Lighuishouding en lowerbestuur, prieelstelsels.

*Voorvereiste module: Wingerdkunde 214*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 444 (16) Gevorderde perspektiewe van wyn- en tafeldruifverbouing (3L, 3P)

Globale perspektiewe van wingerdverbouing; geografiese indikasies; liggingseleksie, wingerdbeplanning, moderne/alternatiewe wingerdpraktyke, gevorderde tafeldruifverbouing.

*Slaagvoorvereiste modules: Wingerdkunde 314, 322, 344*
*Newevereiste modules: Wingerdkunde 454, 478*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 454 (16) Gevorderde wingerdbestuur (3L, 3P)

Bestuur van menslike hulpbronne en die voorsieningsketting; strategieë vir bemesting met makro- en mikronutriënte; besproeiingsregime vir optimale produksie van wyn- en tafeldruiwe; biologie van onkruidgroei en -reproduksie, strategieë vir onkruidbeheer; bestuur van wingerdplae en -siektes.

*Slaagvoorvereiste modules: Wingerdkunde 314, 322, 344*
*Newevoorvereiste modules: Wingerdkunde 444, 478*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 478 (32) Wingerdkunde-praktykopleiding (3S)

Praktiese wingerdkundige ondervinding in die wyn- en tafeldruifbedrywe. Ondervinding in alle aspekte van kommersiële wingerdbestuur en die bedryf word opgedoen. Identifikasie en oplossing van ’n probleem in die praktyk of ontwikkeling van ’n produk of sisteem. Leeraktiwiteite sluit in o.a. die uitvoering van proewe in die veld, data-insameling en verwerking, toetsing, volledige verslaglewering.

*Metode van assessering: Buigsame assessering.*

*Voorvereiste modules: Wingerdkunde 314, 344*
*Newevereiste modules: Wingerdkunde 322, 444, 454*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

## 13872 Wingerdwetenskappe

#### 214 (12) Druifplantmateriale en hul groei en metabolisme (2L, 3P)

Druifplanthulpbronne vir wyn en tafeldruifproduksie (onderstok- en bostokkultivars en -variëteite); ampelografie; seisoenale siklusse; groei en metabolisme van die druifplant.

*Metode van assessering: Buigsame assessering.*

### 774 (20) Druifplantbiologie en biotegnologie

ʼn Bondige inleiding rakende die vegetatiewe en reproduktiewe strukture van die druifplant en hul ontwikkeling in interaksie met die omgewing, sowel as belangrike wingerdkundige konsepte. ʼn Kritiese evaluasie van ʼn versameling van nuutste navorsingsresultate, hindernisse en geleenthede in die veld van druifplant- molekulêre biologie en biotegnologie.

*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 775 (10) Seminaar

Skryf van literatuuroorsig oor relevante onderwerp en die mondelinge voorlegging van die onderwerp.

## 33103 Wynkunde

### 314 (16) Voorfermentasie-verwerking van druiwe en mos (3L, 3P)

Oes en hantering van druiwe, mos en doppe en bepaling van rypheidsgraad. Samestelling van druiwe, mos en wyn, asook fisiese en chemiese ontleding daarvan, mos-aanpassings en toepaslike wetgewing, ensieme. Gebruik van keldertegnologie in voorfermentasie-verwerking, insluitend metodes vir temperatuurbeheer en kleurekstrahering. Brandewyn- en vonkel-basiswynproduksie.

*Voorvereiste modules:*

- *Wynkunde 244*
- *Chemie 124, 144*

*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 342 (8) Na-fermentasie-aksies (1.5L, 1.5P)

Brei en verheldering van wyn: brei-proewe, filtrasie van wyn. Botteleringsaspekte. Wynfoute. Wynversnyding en evaluering.

*Voorvereiste module: Wynkunde 314*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 344 (16) Toegepaste wynmikrobiologie (3L, 3P)

Toegepaste aspekte van giste, skimmelswamme en bakterieë tydens wynbereiding; gisfisiologie; gis en bakteriese metaboliese weë; appelmelksuurgisting; produksie van aroma- en geurkomponente; mikrobiologiese bederf van wyne.

*Newevereiste modules:*

- *Wynkunde 314*
- *Biochemie 214, 244*

*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 444 (16) Toegepaste wynkunde (3L, 3P)

Huidige navorsing in wynkunde, gevorderde wynmikrobiologie, navorsingsmetodiek, statistiese analise van data, sowel as interpretasie van navorsingsresultate. Ontwikkeling van kritiese en waardebepalende wetenskaplike denke in groepsverband, ontwerp en deurvoer van eksperimente, aanbiedings, geskrewe verslae. Brandewyndistillasie en -veroudering, inleiding tot alternatiewe gefermenteerde dranke. Chromatografiese en spektrale tegnieke vir wynanalises, insluitende HPLC, GC, UV-/sigbare spektrofotometrie, infrarooispektrofotometriese analises (FOSS).

*Voorvereiste modules: Wynkunde 314, 344*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 454 (16) Wynveroudering en kwaliteitsisteme (3L, 3P)

Houtchemie, fenole in druiwe en wyn, verouderingsreaksies, oksidasie en reduksiereaksies, gehaltebeheersisteme, verkoelingsisteme, omgewingsbestuursisteme, produkontwikkeling, proteïen- en koue stabilisasie; stabiliteitstoetse in wyn.

*Voorvereiste modules: Wynkunde 314, 344*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 478 (32) Wynkunde-praktykopleiding (3S)

Identifikasie en oplossing van ’n probleem in die kelder, of die ontwikkeling van ’n produk of stelsel. Leeraktiwiteite sluit o.a. die betrokkenheid by alle kommersiële kelderaktiwiteite gedurende die parsseisoen, die uitvoering van proewe in die kelder, data-insameling en -verwerking, en volledige verslagdoening in.

*Metode van assessering: Buigsame assessering.*

*Slaagvoorvereiste module: Wynkunde 314*
*Voorvereiste modules: Wynkunde 342, 344*
*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

## 13890 Wynwetenskappe

### 214 (16) Inleiding tot wynindustrie (3L, 3P)

Die Suid-Afrikaanse wynbedryf, verbruikers en produkte in konteks. Wyn-van-Oorsprongstelsel, wetgewing en regulasies. Industriële gesondheid en veiligheid in ’n wynmaakkonteks. Beginsels van volhoubare wynproduksie.

*Metode van assessering: Buigsame assessering.*

*Tuisdepartement: Wingerd- en Wynkunde*

### 244 (16) Wynstyle en sensoriese evaluering (3L, 3P)

Wynevalueringstelsels, werk in ’n formele wynproe-omgewing, effektiewe kommunikasie aan wynverbruikers in proekamers (diensleer). Wynkomponente, wynpunte, beskrywende analise en die toepaslikheid van verskillende sensoriese toetse. Verbruikersvoorkeure. Tradisionele en nie-

# Navorsings- en Diensinstansies

In hierdie afdeling word die navorsings- en diensinstansies aangebied wat in die Fakulteit AgriWetenskappe gesetel is.

## 1. Instituut vir Wynbiotegnologie (IWBT)

### Ontstaan

Die Instituut vir Wynbiotegnologie, wat deel vorm van die Departement Wingerd- en Wynkunde, is in 1995 aan die Universiteit Stellenbosch gevestig. Die Instituut is ŉ internasionaal erkende nagraadse opleidings- en navorsingsinstituut wat visioenêre opleiding en innoverende navorsing bied om die Suid-Afrikaanse wyn- en wingerdbedrywe te ondersteun.

### Doelwitte

Die Suid-Afrikaanse wynbedryf is ŉ belangrike bedryf met aansienlike groeipotensiaal. Aangesien die produksie van wingerdprodukte op tegnologie gebaseer is, beywer die Instituut vir Wynbiotegnologie dit om, in samewerking met ander rolspelers, ŉ volhoubare basis van voorpunttegnologie en menslike hulpbronne beskikbaar te stel wat die wynbedryf se internasionale mededingendheid beduidend sal versterk. Wynbiotegnologie behels die geïntegreerde aanwending van molekulêr-genetiese wingerd- en wynkundige wetenskappe om sodoende die wynbedryf in staat te stel om op die mees koste-doeltreffende wyse wyn en ander wingerdprodukte van hoë gehalte met behulp van omgewingsvriendelike tegnologieë te lewer. Die belangrikste doelstellings van die Instituut is:

- om navorsing in wynbiotegnologie aan die Universiteit Stellenbosch te koördineer, te bedryf en te bevorder;
- om wyngiste, wynverwante bakterieë en wingerdswamme op ŉ fisiologiese, biochemiese en molekulêr-genetiese vlak te bestudeer en geneties te manipuleer;
- om nuwe, gewenste kultivar- en produkspesifieke wyngisrasse met behulp van genetiese kruisings en rekombinante DNS-tegnologie daar te stel; en
- om siektebestande wingerdvariëteite met verbeterde kenmerke deur middel van weefselkultuur-sitogenetiese en molekulêr-biologiese tegnieke te lewer.

Die Instituut is nou betrokke by navorsingsprojekte van nagraadse studente. Weens die multidissiplinêre aard van die IWBT se navorsingsprogram word samewerking met verskeie departemente van die Universiteit Stellenbosch, asook met ander rolspelers binne en buite die landsgrense, sterk beklemtoon en voortdurend uitgebou. Die Instituut beskik oor moderne en gesofistikeerde navorsingsfasiliteite en -apparaat.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by

http://www.sun.ac.za/english/faculty/agri/wine-biotech of kontak prof B Divol by 021 808 3141 of divol@sun.ac.za.

# Alfabetiese Vaklys

Agronomie ........ 120
Agronomie Navorsingsprojek ........ 122
Akwakultuur ........ 123
Akwakultuur-bestuurswetenskap ........ 124
Assessering van Voedselsekerheid ........ 125
Bedryfsergonomie ........ 125
Bedryfsielkunde (Spesiaal) ........ 125
Bedryfsprogrammering ........ 125
Beleggingsbestuur ........ 126
Bemarkingsbestuur ........ 127
Bewaringsekologie ........ 129
Biochemie ........ 131
Biodiversiteit en Ekologie ........ 133
Biodiversiteit en Ekosisteemdienste ........ 136
Biologie ........ 137
Biometrie ........ 137
Boskunde ........ 139
Chemie ........ 144
Diere-anatomie en -fisiologie ........ 147
Dierefisiologie ........ 147
Diereproduksie ........ 148
Diereproduksiefisiologie ........ 148
Diereteling en -genetika I ........ 149
Diereteling en -genetika II ........ 149
Dieretelingskunde ........ 149
Dierevoedingskunde ........ 150
Ekonomie ........ 151
Ekonomie van Volhoubare Landbou ........ 153
Entomologie ........ 153
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur ........ 154
Finansiële Bestuur ........ 155
Finansiële Rekeningkunde ........ 157
Fisika (Bio) ........ 157
Fisiologiese en Ekologiese Beginsels van Weiveldbestuur ........ 158

Funksionele Voedsel en GMO’s ........ 158
Gehaltebestuur ........ 158
Gehalteversekering ........ 159
Genetika ........ 159
Geografie en Omgewingstudie ........ 162
Geografiese Inligtingstegnologie ........ 162
Geo-omgewingswetenskap ........ 162
Gewasbeskerming ........ 163
Gewasproduksie ........ 163
Gewasse vir Ekstensiewe Produksiestelsels ........ 164
Grondkunde ........ 164
Hortologie ........ 167
Houtprodukkunde ........ 169
Ingenieurschemie ........ 172
Ingenieurstatistiek ........ 172
Ingenieurstekeninge ........ 172
Ingenieurswiskunde ........ 173
Inleiding tot Dierevoedingskunde ........ 173
Inleiding tot Epidemiologie ........ 174
Inleiding tot Stelseldenke ........ 174
Intensiewe Gewasproduksiestelsels ........ 175
Konseptualisering van Voedselstelsels ........ 175
Kwantitatiewe Ontleding van Grondgebruikerstelsels ........ 181
Landbou-ekonomie ........ 175
Logistieke Bestuur ........ 182
Makro- en Mikrovoedingstowwe en Gesondheid ........ 184
Menslike Ekonomiese Ontwikkeling ........ 184
Mikrobiologie ........ 184
Navorsingsopdrag ........ 185
Nematologie ........ 186
Ondernemingsbestuur ........ 186
Onkruidbestuur ........ 186
Operasionele Navorsing (Ing) ........ 186
Plantgenetika en Gewasverbetering ........ 187
Plantpatologie ........ 187
Plantproduksie en -beskerming ........ 190
Produksiebestuur ........ 190
Produksiefisiologie en Tegnologie vir Eenjarige Akkerbougewasse ........ 191

Professionele Kommunikasie ........ 191
Rekenaarprogrammering ........ 191
Rekenaarvaardigheid ........ 192
Renterekening ........ 192
Skakels tussen Landbou en Voeding ........ 192
Sosiologie ........ 193
Sosiologie van Volhoubare Landbou ........ 193
Statistiek ........ 194
Statistiese Metodes ........ 195
Stelselontleding en -simulasie ........ 197
Sterkteleer ........ 197
Strategiese Bestuur ........ 198
Toegepaste Chemie ........ 198
Toegepaste Plantfisiologie ........ 198
Toegepaste Wiskunde B ........ 200
Veebestuurskunde ........ 201
Veekunde ........ 201
Veeprodukkunde ........ 202
Vervoerekonomie ........ 202
Voedsel- en Voedingsbeleid ........ 203
Voedselkettings en Verbruikers ........ 204
Voedselprosesingenieurswese ........ 203
Voedselsekerheid-projek-analise ........ 204
Voedselveiligheid, Gevare en Risiko’s ........ 204
Voedselverwerking en -bewaring ........ 204
Voedselwetenskap ........ 205
Volhoubare Diereproduksie ........ 207
Volhoubare Grondbestuur ........ 208
Werksgeïntegreerde Leer ........ 209
Wingerd- en Wynwetenskappe ........ 209
Wingerdkunde ........ 210
Wingerdwetenskappe ........ 211
Wiskunde ........ 212
Wiskunde (Bio) ........ 212
Wynbiotegnologie ........ 213
Wynkunde ........ 214
Wynwetenskappe ........ 215